

**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS****NO. 547****09 JUNIE 2017****OPGAWES INGEVOLGE ARTIKEL 25 VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011  
(WET NO. 28 VAN 2011), DEUR 'N PERSOON INGEDIEN TE WORD**

Ingevolge artikel 25 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, vereis ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby dat die persone in die aangehegte Bylae aangedui opgawes vir die 2017 jaar van aanslag, soos omskryf in die Bylae, moet indien binne die tydperke in die Bylae aangedui.

**T S MOYANE****KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

## Bylae

### 1. Algemeen

1.1 Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing waaraan 'n betekenis geheg is in 'n **"Belastingwet"**, soos in die Wet op Belastingadministrasie omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui en die volgende terme dra die volgende betekenis—

**"2017 jaar van aanslag"** beteken—

(a) in die geval van 'n maatskappy, die finansiële jaar van daardie maatskappy wat gedurende die 2017 kalenderjaar eindig; en

(b) in die geval van enige ander persoon, die jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat op 28 Februarie 2017 eindig; en

**"inkomstebelastingopgawe"** beteken 'n opgawe vir die aanslaan van normale belasting ten opsigte van die 2017 jaar van aanslag.

1.2 Kennis word hierby ingevolge artikel 25 van die Wet op Belastingadministrasie, gelees met artikel 66(1) van die Inkomstebelastingwet, gegee dat van 'n persoon ingevolge paragraaf 2 aangedui, vereis word om 'n inkomstebelastingopgawe in te dien binne die tydperk in paragraaf 4 voorgeskryf.

### 2. Persone wat 'n inkomstebelastingopgawe moet indien

Die volgende persone moet 'n inkomstebelastingopgawe indien:

(a) elke maatskappy, trust of ander regspersoon, wat 'n inwoner is;

(b) elke maatskappy, trust of ander regspersoon, wat nie 'n inwoner is nie—

(i) wat 'n bedryf deur 'n permanente saak in die Republiek beoefen het;

(ii) wat inkomste vanuit 'n bron in die Republiek verkry het; of

(iii) wat 'n kapitaalwinst of kapitaalverlies verkry het vanuit die beskikking oor 'n bate waarop die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet van toepassing is;

(c) elke maatskappy ingelyf, opgerig of ingestel in die Republiek, maar wat weens die toepassing van enige ooreenkoms aangegaan met die Regering van enige ander land vir die vermyding van dubbele belasting nie 'n inwoner is nie;

(d) elke natuurlike persoon wat—

(i) 'n inwoner is en enige bedryf beoefen het (behalwe uitsluitlik in sy of haar hoedanigheid as 'n werknemer);

(ii) nie 'n inwoner is nie en enige bedryf binne die Republiek beoefen het (behalwe uitsluitlik in sy of haar hoedanigheid as 'n werknemer);

(e) elke natuurlike persoon—

(i) aan wie 'n toelae of voorskot betaal of toegestaan is soos in artikel 8(1)(a)(i) van die Inkomstebelastingwet beskryf (behalwe 'n bedrag vergoed of voorgeskiet soos in artikel 8(1)(a)(ii) beskryf) en wie se bruto inkomste die drempels uiteengesit in item (ix) oorskry het;

(ii) aan wie 'n belasbare voordeel beskryf in paragraaf 7 van die Sewende Bylae by die Inkomstebelastingwet toegestaan is en wie se bruto inkomste die drempels uiteengesit in item (ix) oorskry het;

- (iii) wat 'n inwoner is en kapitaalwinste of kapitaalverliese wat R40 000 oorskry, gehad het;
- (iv) wat nie 'n inwoner is nie en kapitaalwinste of kapitaalverliese verkry het vanuit die beskikking oor 'n bate waarop die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet van toepassing is;
- (v) wat 'n inwoner is en enige fondse in buitelandse geldeenheid gehou het of enige bates buite die Republiek besit het, indien die totale waarde van daardie fondse en bates op enige tydstip gedurende die 2017 jaar van aanslag R225 000 oorskry het;
- (vi) wat 'n inwoner is en aan wie enige inkomste of kapitaalwinste uit fondse in buitelandse geldeenheid of bates buite die Republiek ingevolge die Inkomstebelastingwet toegereken kon word;
- (vii) wat 'n inwoner is en enige deelnemende regte, soos in artikel 72A van die Inkomstebelastingwet bedoel, in 'n beheerde buitelandse maatskappy gehou het;
- (viii) aan wie 'n inkomstebelastingopgawevorm uitgereik word of wat skriftelik deur die Kommissaris versoek word om 'n opgawe in te dien, ongeag die bedrag van inkomste van daardie persoon; of
- (ix) wat, behoudens die bepalings van paragraaf 3, aan die einde van die jaar van aanslag—
  - (aa) jonger as 65 jaar was en wie se bruto inkomste R75 000 oorskry het;
  - (bb) 65 jaar of ouer was (maar jonger as 75) en wie se bruto inkomste R116 150 oorskry het; of
  - (cc) 75 jaar of ouer was en wie se bruto inkomste R129 850 oorskry het;
- (f) behoudens paragraaf 3, elke boedel van 'n gestorwe persoon wat bruto inkomste gehad het;
- (g) elke nie-inwoner waarvan die bruto inkomste ingesluit het rente vanuit 'n bron in die Republiek waarop die bepalings van artikel 10(1)(h) van die Inkomstebelastingwet nie van toepassing is nie; en
- (h) elke verteenwoordigende belastingpligtige van enige persoon in subparagrafe (a) tot (g) hierbo bedoel.

### 3. Persone nie vereis om 'n inkomstebelastingopgawe in te dien nie

'n Natuurlike persoon of boedel van 'n gestorwe persoon hoef nie 'n inkomstebelastingopgawe ingevolge paragraaf 2(e)(ix) of (f) in te dien nie indien die bruto inkomste van daardie persoon uitsluitlik bestaan het uit bruto inkomste in een of meer van die volgende subparagrafe beskryf:

- (a) besoldiging betaal of betaalbaar uit 'n enkele bron, wat nie R350 000 oorskry nie en werknemersbelasting ingevolge die aftrekkingstabelle deur die Kommissaris voorgeskryf, afgetrek of teruggehou is;
- (b) rente (anders as rente van 'n belastingvrye belegging) uit 'n bron binne die Republiek wat nie meer is nie as—
  - (i) R23 800 in die geval van 'n natuurlike persoon jonger as 65 jaar;
  - (ii) R34 500 in die geval van 'n natuurlike persoon van 65 jaar of ouer; of
  - (iii) R23 800 in die geval van die boedel van 'n gestorwe persoon;

- (c) dividende en die natuurlike persoon was 'n nie-inwoner gedurende die hele 2017 jaar van aanslag; en
- (d) bedrae uit 'n belastingvrye belegging ontvang of toegeval.

#### 4. Tydperke waarbinne inkomstebelastingopgawes ingedien moet word

Inkomstebelastingopgawes moet binne die volgende tydperke ingedien word:

- (a) in die geval van 'n maatskappy, binne 12 maande vanaf die datum waarop sy finansiële jaar eindig; of
- (b) in die geval van alle ander persone (waarby natuurlike persone, trusts en ander regspersone, soos instellings, rade of liggame ingesluit)—
  - (i) voor of op 22 September 2017 indien die opgawe per hand ingedien word;
  - (ii) voor of op 24 November 2017 indien die opgawe ingedien word deur die SAID eFiling platform te gebruik of elektronies met die bystand van 'n SAID-amptenaar by 'n kantoor van die SAID;
  - (iii) voor of op 31 Januarie 2018 indien die opgawe met 'n voorlopige belastingpligtige verband hou en ingedien word deur die SAID eFiling platform te gebruik; of
  - (iv) waar rekenings kragtens artikel 66(13A) van die Inkomstebelastingwet deur die Kommissaris aanvaar word ten opsigte van die geheel of 'n gedeelte van 'n belastingpligtige se inkomste, wat opgemaak is tot 'n datum na 28 Februarie 2017, maar voor of op 30 September 2017, binne 6 maande vanaf die datum tot wanneer daardie rekenings opgemaak is.

#### 5. Vorm van inkomstebelastingopgawes ingedien te word

Die vorms deur die Kommissaris voorgeskryf vir die indiening van inkomstebelastingopgawes is op versoek verkrygbaar *via* die internet by [www.sarsefiling.co.za](http://www.sarsefiling.co.za) of van enige kantoor van SAID, behalwe 'n kantoor wat uitsluitlik handel met aangeleenthede wat met doeane en aksyns verband hou.

#### 6. Wyse van indiening van inkomstebelastingopgawes

Inkomstebelastingopgawes moet—

- (a) in die geval van 'n maatskappy, elektronies ingedien word deur van die SAID eFiling platform gebruik te maak; en
- (b) in die geval van alle ander persone (waarby natuurlike persone, trusts en ander regspersone, soos instellings, rade of liggame ingesluit)—
  - (i) elektronies ingedien word deur van die SAID eFiling platform gebruik te maak op voorwaarde dat die persoon vir eFiling geregistreer is;
  - (ii) per pos aan SAID gestuur word;
  - (iii) gelewer word aan 'n kantoor van SAID, behalwe 'n kantoor wat uitsluitlik handel met aangeleenthede wat met doeane en aksyns verband hou; of
  - (iv) gelewer word aan sodanige ander plekke as wat die Kommissaris van tyd tot tyd mag aanwys.